**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR MONDELINGE AANBIEDING / VOORBEREIDE TOESPRAAK: HUISTAAL (Graad 10 – 12)**

| | Kode 7<br>Uitmuntend | Kode 6<br>Verdienstelik | Kode 5<br>Beduidend | Kode 4<br>Voldoende | Kode 3<br>Matig | Kode 2<br>Basies | Kode 1<br>Ontoereikend |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Navorsingsvaardighede | Oortuigende bewyse dat ‘n wye verskeidenheid van interessante en relevante bronne gebruik is.<br><br>‘n Wye verskeidenheid van nuwe en interessante feite en voorbeelde maak die aanbieding treffend. | Grondige bewyse dat ‘n wye verskeidenheid van interessante en relevante bronne gebruik is.<br><br>Nuwe en interessante feite en voorbeelde dra by tot ‘n goed gestruktureerde aanbieding. | Goeie bewyse dat ‘n wye verskeidenheid van interessante en relevante bronne gebruik is.<br><br>Interessante feite en voorbeelde dra by tot ‘n goed gestruktureerde aanbieding. | Bevredigende bewyse dat relevante bronne gebruik is.<br><br>Aanbieding is interessant en sommige nuwe en interessante feite en voorbeelde is gegee. | Bewyse dat relevante bronne gebruik is<br><br>Aanbieding is geskik maar sonder die sprankel van nuwe idees, feite en inligting. | Beperkte bewyse dat bronne gedeeltelik gebruik is.<br><br>Min bewyse van navorsing wat lei tot ‘n gebrek aan nuwe idees, feite en inligting. | Min of geen bewyse dat bronne gebruik is.<br><br>Feitlik geen nuwe idees. Enige navorsing gedoen dra nie by tot die effektiwiteit van die aanbieding nie. |
| Beplanning en organisering van inhoud. | Deeglike beplanning in ooreenkoms met die opdrag, gehoor, konteks en formaat.<br><br>Treffende/pakkende inleiding wat die gehoor se aandag onmiddellik trek.<br><br>Briljante ontwikkeling van idees en argumente.<br><br>Inhoud is ‘n bewys van uitstaande kreatiwiteit, oorspronklikheid en rype insig.<br><br>Afsluiting is vaardig, vat inhoud deeglik en goed saam. | Baie goeie beplanning in ooreenkoms met die opdrag, gehoor, konteks en formaat.<br><br>Baie goeie en gepaste inleiding wat belangstelling wek.<br><br>Baie goeie en volgehoue ontwikkeling van idees en argumente.<br><br>Inhoud is ‘n bewys van kreatiwiteit, oorspronklikheid en insig.<br><br>Baie goeie afsluiting. | Goeie beplanning in ooreenkoms met die opdrag, gehoor, konteks en formaat.<br><br>Goeie en gepaste inleiding wat brelangstelling wek.<br><br>Goeie en volgehoue ontwikkeling van idees en argumente<br><br>Inhoud is ‘n bewys van kreatiwiteit, oorspronklikheid en gedeeltelike insig.<br><br>Goeie afsluiting. | Bevredigende beplanning in ooreenkoms met die opdrag, gehoor, konteks en formaat.<br><br>Redelike goeie inleiding wat steeds belangstelling wek.<br><br>Goeie ontwikkeling van idees en argumente wat maklik gevolg kan word.<br><br>Inhoud is taamlik oorspronklik, maar nie altyd kreatief en oorspronklik, insig ontbreek soms.<br><br>Redelike goeie afsluiting, kohesie ontbreek soms. | Geskikte beplanning in ooreenkoms met die opdrag, gehoor, konteks en formaat.<br><br>Geskikte inleiding wat steeds belangstelling wek.<br><br>Geskikte ontwikkeling van idees en argumente, maar het probleme met kohesie.<br><br>Inhoud toon bietjie oorspronklikheid maar is nie altyd kreatief, insig ontbreek.<br><br>Geskikte afsluiting, kohesie ontbreek. | Bewys van bietjie beplanning in ooreenkoms met die opdrag, gehoor, konteks en formaat.<br><br>Bewyse van ‘n inleiding, maar dit wek skaars belangstelling.<br><br>Sommige argumente kan gevolg word, maar ander is inkonsekwent / kan skaars gevolg word.<br><br>Inhoud is amper nie oorspronklik, kreatiwiteit en oorspronklikheid ontbreek.<br><br>Nouliks enige bewys van ‘n afsluiting. | Geen bewys van beplanning in ooreenkoms met die opdrag, gehoor, konteks en formaat.<br><br>Inleiding swak, wek geen belangstelling by gehoor nie.<br><br>Kan nie argumente volhou nie. Toon min begrip van onderwerp.<br><br>Inhoud is swak, vervelig en afgesaag.<br><br>Afsluiting ontbreek. |
| Toon, praat- en aanbiedingsvaardighede | Natuurlike en goeie aanbieder, aanbieding is vloeiend, vaardig en besielend, gepaste styl en register.<br><br>Duidelike, hoorbare uitspraak, oogkontak, gesigsuitdrukking, | Baie goeie aanbieder, natuurlike en vloeiende aanbieder, gepaste styl en register.<br><br>Hoorbare uitspraak, oogkontak, gesigsuitdrukking, | Goeie aanbieder, vloeiende aanbieding, gepaste styl en register<br><br>Grootliks ‘n hoorbare uitspraak, oogkontak, gesigsuitdrukking, | Redelike vloeiende aanbieder, maar toon tekens van huiwering, styl en register meestal gepas.<br><br>Redelike hoorbare uitspraak, oogkontak, gesigsuitdrukking, | Somtyds ‘n vloeiende aanbieder, maar gepaste styl en register ontbreek in aanbieding.<br><br>Uitspraak is doelmatig, oogkontak, gesigsuitdrukking, | Huiwerig, gepaste uitdrukkings ontbreek, vloeiendheid ontbreek, meestal ontoepaslike styl en register.<br><br>Uitspraak nie duidelik, en skaars hoorbaar, baie min oogkontak, | Ontoepaslike toon, styl en register.<br><br>Slordige uitspraak, meestal onhoorbaar , omtrent geen |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | gebare en lyftaal uitstaande, funksioneel en oortuigend.<br><br>Gehoor se reaksie oorweldigend positief.<br><br>Vrymoedige voordrag, maak min van aantekeninge gebruik. | gebare en lyftaal, funksioneel en oortuigend.<br><br>Gehoor se belangstelling word deurgaans behou.<br><br>Aantekeninge word effektief en vrymoedig gebruik. | gebare en lyftaal grootliks funksioneel en oortuigend.<br><br>Gehoor se belangstelling word behou.<br><br>Aantekeninge word effektief gebruik. | gebare en lyftaal redelik oortuigend.<br><br>Meeste lede van gehoor volg met belangstelling.<br><br>Soms afhanklik van aantekeninge, maar steeds goeie kontak met gehoor. | gebare en lyftaal nie altyd oortuigend nie.<br><br>Gemengde reaksie van gehoor.<br><br>Gebruik van aantekeninge doen afbreek aan voordrag. | gesiguitdrukking en lyftaal.<br><br>Gebrek in belangstelling van gehoor.<br><br>Afhanklik van aantekeninge. | oogkontak, ontoepaslike gesigsuitdrukking en lyftaal.<br><br>Geen kontak met gehoor.<br><br>Totaal afhanklik van aantekeninge. |
| Kritiese taalbewustheid | Deeglike, gevorderde woordeskat, kreatiewe taalgebruik.<br><br>Uitmuntende manipulasie van taal om reaksie van gehoor uit te lok.<br><br>Buitengewoon bewus van en sensitief vir die respekvolle gebruik van taal oor kulturele kwessies. | Baie goeie en gevorderde woordeskat, kreatiewe taalgebruik.<br><br>Baie goeie manipulasie van taal om reaksie van gehoor uit te lok.<br><br>Baie goeie bewustheid van en sensitiwiteit vir die respekvolle gebruik van taal oor kulturele kwessies. | Goeie en gevorderde woordeskat, kreatiewe taalgebruik.<br><br>Goeie manipulasie van taal om reaksie van gehoor uit te lok.<br><br>Goeie bewustheid van en sensitiwiteit vir die respekvolle gebruik van taal oor kulturele kwessies. | Redelike, gevorderde woordeskat, kreatiewe taalgebruik.<br><br>Redelike manipulasie van taal om reaksie van gehoor uit te lok.<br><br>Redelik bewus van en sensitief vir die respekvolle gebruik van taal oor kulturele kwessies. | Geskikte, woordeskat, en taalgebruik.<br><br>Geringe manipulasie van taal om reaksie van gehoor uit te lok.<br><br>Middelmatige bewustheid van en sensitiwiteit vir die respekvolle gebruik van taal oor kulturele kwessies. | Beperkte woordeskat en taalgebruik.<br><br>Sukkel om taal te manipuleer om sodoende reaksie van gehoor uit te lok.<br><br>Selde bewus van en sensitief vir die respekvolle gebruik van taal oor kulturele kwessies. | Baie beperkte woordeskat en taalgebruik.<br><br>Nie daartoe in staat om taal te manipuleer nie.<br><br>Skaars bewus van en sensitief vir die respekvolle gebruik van taal oor kulturele kwessies. |
| Keuse, ontwerp en gebruik van audio en/of visuele hulpmiddels. | Uitstekende, smaakvolle en gepaste keuse en aanbieding van visuele hulpmiddels.<br><br>Visuele hulpmiddels het 'n impak op die gehoor en dra effektief by tot die sukses van die aanbieding. | Baie goeie en gepaste keuse en gebruik van visuele hulpmiddels.<br><br>Aanbieder is daartoe instaat om hulpmiddels effektief te gebruik om sodoende aanbieding te versterk. | Goeie en gepaste keuse en gebruik van visuele hulpmiddels.<br><br>Aanbieder is daartoe instaat om hulpmiddels te gebruik om sodoende aanbieding te versterk. | Visuele hulpmiddels is meestal toepaslik vir onderwerp..<br><br>Meeste van die hulpmiddels dra by tot die sukses van die aanbieding. | Visuele hulpmiddels word nie altyd geskik gebruik nie.<br><br>Hulpmiddels dra nie atyd by tot sukses van aanbieding nie. | Gebruik selde visuele hulpmiddels.<br><br>Gebruik van hulpmiddels is soms onhandig en nie funksioneel nie. | Gebruik nie visuele hulpmiddels nie. |